

# Waar kry ek vinnig iets wat ek wil weet?

## Hier is dit!

Die Kerk se webblad is [www.nhka.org](http://www.nhka.org). Ons gaan daarheen vir meer inligting.

### **DIE TIEN GEBOOIE (Eksodus 20: 1-17; vergelyk Deuteronomium 5: 6-21)**

*Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: <sup>2</sup>Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie.*

*<sup>4</sup>Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. <sup>5</sup>Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, <sup>6</sup>maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.*

*<sup>7</sup>Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.*

*<sup>8</sup>Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. <sup>9</sup>Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, <sup>10</sup>maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. <sup>11</sup>Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.*

*<sup>12</sup>Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.*

*<sup>13</sup>Jy mag nie moord pleeg nie. <sup>14</sup>Jy mag nie egbreuk pleeg nie. <sup>15</sup>Jy mag nie steel nie. <sup>16</sup>Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.*

*<sup>17</sup>Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.*

### **DIE ONS VADER (Matteus 6: 9-13)**

*<sup>9</sup>So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; <sup>10</sup>laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.*

*<sup>11</sup>Gee ons vandag ons daaglikse brood; <sup>12</sup>en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; <sup>13</sup>en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.*

*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

## **DIE BOEKE VAN DIE BYBEL**

### **Die Ou Testament**

Genesis; Eksodus; Levitikus; Numeri; Deuteronomium; Josua; Rigters; Rut; 1 Samuel; 2 Samuel; 1 Konings; 2 Konings; 1 Kronieke; 2 Kronieke; Esra; Nehemia; Ester; Job; Psalms; Spreuke van Salomo; Prediker; Hooglied van Salomo; Jesaja; Jeremia; Klaagliedere van Jeremia; Esegiël; Daniël; Hosea; Joël; Amos; Obadja; Jona; Miga; Nahum; Habakuk; Sefanja; Haggai; Sagaria; Maleagi.

### **Die Nuwe Testament**

Matteus; Markus; Lukas; Johannes; Die Handeling van die Apostels; Romeine; 1 Korintiërs; 2 Korintiërs; Galasiërs; Efesiërs; Filippense; Kolossense; 1 Tessalonisense; 2 Tessalonisense; 1 Timoteus; 2 Timoteus; Titus; Filemon; Hebreërs; Jakobus; 1 Petrus; 2 Petrus; 1 Johannes; 2 Johannes; 3 Johannes; Judas; Die Openbaring aan Johannes.

## **APOSTOLIESE GELOFSBELYDENIS**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het, onder Pontius Pilatus gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;

wat opgevaar het na die hemel,

en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

vanwaar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die wederopstanding van die vlees,

en 'n ewige lewe.

Amen.